

**Titel: Geroep deur God/Gewortel in God**  
**Pastoor: Jaco Neveling**  
**Datum: 21 November 2010**  
**Tyd: 09h30**



**a) Geroep deur God**

**Psalm 139:16**

U het my gesien voor ek gebore is. In U boek is alles opgeteken; elke dag is bepaal voordat een van hulle daar was

**Efes 2:10**

Want ons is God se handewerk. Hy het ons in ons verhouding met Jesus so gemaak dat ons die goeie werke wat Hy vir ons bestem het kan uitlewe.

**Jer 1:5**

“Ek ken jou nog voordat jy gevorm is in die skoot van jou moeder. Voor jou geboorte al het ek jou gekies en aangestel om namens My te praat met die nasies van die wêreld.”

**b) Aantuiings/aanklagte**

**Sag 3:1**

Die engel het Jesua die hoëpriester vir my gewys. Hy het voor die engel van die Here gestaan. Die Satan het regs van die engel gestaan, besig om Jesua van baie dinge aan te kla.

**1. wat van die aantuiings?**

**Sag 3:1-4**

<sup>1</sup> Die engel het Jesua die hoëpriester vir my gewys. Hy het voor die engel van die Here gestaan. Die Satan het regs van die engel gestaan, besig om Jesua van baie dinge aan te kla.

<sup>2</sup> Die Here het vir Satan gesê: “Ek, die Here, verwerp jou aanklagte, Satan. Die Here wat Jerusalem gekies het, bestraf jou. Hierdie man is soos ‘n brandende stuk hout wat uit vuur gered is.” <sup>3</sup> Jesua het vuil klere aangehad soos hy daar voor die engel gestaan het. <sup>4</sup> Die engel het vir die ander wat daar staan, gesê: “Trek sy vuil klere uit.” Vir Jesua het hy gesê: “Sien jy, ek het jou sonde van jou weggeneem en ek gee nou vir jou nuwe en skoon klere.”

**2. Wie is ek?**

**Gal 3:26, 27, 29**

<sup>26</sup> Julle is almal God se kinders deur dat julle in Christus Jesus glo. <sup>27</sup> Almal wat deur die doop met Christus één geword het, se lewe word nou heeltemaal deur Christus bepaal... <sup>29</sup> Verder, omdat julle aan Christus behoort, is julle die nageslag van Abraham en dus erfgename van die belofte.

**Rom 8:15b-17**

<sup>15</sup> ...Julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: “Abba!” Dit beteken Vader. Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus.

## c) Gewortel in God

### **Rom 8:29-30**

<sup>29</sup> Want God het hulle reeds vooruit geken, en Hy het hulle aangewys om soos sy Seun te word. Op hierdie manier sal Christus Jesus die oudste seun wees, omring deur baie broers en susters. <sup>30</sup> Dié wat Hy vooruit aangewys het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het, aan hulle sal Hy beslis heerlikheid gee.

### **Rom 8:29-30**

<sup>31</sup> Wat sal ons dan van al hierdie wonderlike dinge sê? As God aan ons kant is, wie kan ooit téén ons wees? <sup>32</sup> As God werklikwaar nie sy eie Seun gespaar het nie, maar Hom ter wille van ons almal aan die dood oorgegee het, is daar tog geen manier waarop Hy nie ook alle ander goeie dinge aan ons sal skenk nie. <sup>33</sup> Wie sal dit waag om ons aan te kla as God ons spesiaal uitgekies het? God is immers die Een wat ons vryspreek. <sup>34</sup> Wie sal ons veroordeel? Christus Jesus is tog die Een wat vir ons gesterf het, wat boonop opgestaan het, wat op die ereplek langs God sit en wat daar vir ons pleit. <sup>35</sup> Kan enigiets ons ooit van Christus se liefde skei? Sal dinge soos lyding of benoudheid of vervolging, honger of koue, of gevaar of doodsdreiging dit regkry? <sup>36</sup> Selfs die Skrif verklaar tog: “Om u ontwil bedreig die dood ons die hele dag en word ons as slagskape beskou.” <sup>37</sup> Tog is ons ten spyte van al hierdie dinge besig om ‘n super oorwinning te behaal – oorwinnaars deur Christus wat Sy liefde vir ons so duidelik aan ons bewys het.

### **1. oorkom die aantuigings**

- **Vind jou identiteit ten volle in wat Jesus vir jou gedoen het, en dit wat God oor jou sê.**
- **Onderskei die aantuiging**
- **Staan op teen die aantuiging**

### **2. staan op teen aantuigings**

#### **2 Kor 10:3-5**

<sup>3</sup> Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; <sup>4</sup> want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, <sup>5</sup> terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus.

### **3. geroep deur God, gewortel in God**

#### **Jes 43:1**

Maar nou, Jakob, sê die Here wat jou geskep het, Hy wat jou gevorm het, Israel: “Moenie bang wees nie, want Ek het jou verlos. Ek het jou by jou naam geroep. Jy is Myne.”